Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BUITENGEWONE **EXTRAORDINARY**

Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA
Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CLVII.] **PRYS 6d.** PRETORIA, 19 SEPTEMBER 19 SEPTEMBER 1949. **PRICE 6d.** [No. 4239.

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE GIDEON BRAND VAN ZYL, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱No. 227, 1949.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet No. 9 van 1933), vaardig ek hierby die regulasies uit soos uiteengesit in die Bylae van hierdie Proklamasie.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria op hede die Agtiende dag van September Eenduisend Negehonderd Nege-en-veertig.,

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-Rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

REGULASIES.

1. (*a*) Met ingang vanaf die negentiende dag van September 1949, is die pari-waarde van die Suid-Afrikaanse pond 38·4 grein fyn goud.

(*b*) Genoemde pari-waarde word geag ook op die agtiende dag van September 1949 te gegeld het.

2. (*a*) Geen bankinstelling wat volgens die by Goewermentskenisgewing No. 163 van die drie-en-twintigste dag van Januarie 1948, afgekondigde Deviese-beheerregulasies, soos gewysig, 'n gemagtigde handelaar is, mag enigeen van sy besigheidsplekke te enige tyd op die negentiende dag van September 1949, oop laat wees nie.

(*b*) Niemand mag op genoemde datum enige transaksie namens of ten behoewe van so'n bankinstelling met enige ander persoon dan so'n bankinstelling aangaan nie.

3. (*a*) Niemand mag te eniger tyd op die negentiende dag van September 1949 'n effektebeurs oop laat wees nie.

(*b*) Geen effektemakelaar soos in artikel *een* van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947 (Wet No. 7 van 1947) omskryf, en geen effekte- of aandelehandelaar soos aldus omskryf, mag op genoemde datum, onverskillig of dit al dan nie ten behoewe van 'n ander persoon is nie, enige effekte of aandele, soos aldus omskryf, koop of verkoop of op 'n ander manier daarmee handel nie.

4. Iemand wat 'n bepaling van regulasie *twee* of *drie* oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfduisend pond of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

5. Die negentiende dag van September 1949 word geag 'n openbare feesdag volgens die „Openbare Feestdagen Wet", 1910 (Wet No. 3 van 1910) te wees vir die doel van die nakoming van enige verpligting, die uitoefening van enige reg of die verrigting van enige handeling wat op of nie later nie dan genoemde datum nagekom, uitgeoefen of verrig dien te word, en wat, as gevolg van die bepalings van regulasie *twee* of *drie*, dit nie doenlik is om op genoemde datum na te kom, uit te oefen of te verrig nie.

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE GIDEON BRAND VAN ZYL, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 227, 1949.]

Under the powers vested in me by section *nine* of the Currency and Exchanges Act, 1933 (Act No. 9 of 1933), I do hereby make the regulations set forth in the Annexure to this Proclamation.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Eighteenth day of September, One thousand Nine hundred and Forty-nine.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

ANNEXURE.

REGULATIONS.

1. (*a*) As from the nineteenth day of September, 1949, the par value for the South African pound shall be 38·4 grains of fine gold.

(*b*) The said par value shall be deemed to have obtained also on the eighteenth day of September, 1949.

2. (*a*) No banking institution which is an authorized dealer in terms of the Exchange Control Regulations published under Government Notice No. 163 of the twenty-third day of January, 1948, as amended, shall keep open any of its places of business at any time on the nineteenth day of September, 1949.

(*b*) No person shall on the said date enter into any transaction in the name or on behalf of any such banking institution with any person other than such a banking institution.

3. (*a*) No person shall at any time on the nineteenth day of September, 1949, keep open any stock exchange.

(*b*) No stockbroker, as defined in section *one* of the Stock Exchanges Control Act, 1947 (Act No. 7 of 1947) and no dealer in stocks or shares, as so defined, shall on the said date, whether or not on behalf of any other person, buy or sell or otherwise deal in any stocks or shares as so defined.

4. Any person who contravenes any provision of regulation *two* or *three* shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five thousand pounds or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and imprisonment.

5. The nineteenth day of September, 1949, shall be deemed to be a public holiday in terms of the Public Holidays Act, 1910 (Act No. 3 of 1910), for the purpose of the carrying out of any obligation, the exercise of any right or the doing of any act, which is to be carried out, exercised or done on or not later than the said date, and which, as the result of the provisions of regulations *two* or *three*, it is not practicable to carry out, exercise or do on the said date.

In die Unie van Suid-Afrika deur en onder toesig van die Staatsdrukker, Pretoria, gedruk en uitgegee.

Printed and published in the Union of South Africa by and under the superintendence of the Government Printer, Pretoria.

A—6794